# 8 Desember 2023 - Lesing 196 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die letter maak dood - Dooie verkondigers van die Woord – 3/5/61

**NO: 7884** Dit is die gees wat lewend maak en **elke letter wat met 'n onontwaakte gees gelees word, maak dood**. Dit sal dan vir die mens onbegryplik bly, selfs as hy sy verstand hoe inspan en probeer om die betekenis daarvan te deurgrond. En dit is wat tot dwaling gelei het; as My Woord vertaal word of die mense word geleer deur hulle wat self geestelike nog nie ontwaak was nie, wat hul verstand laat oorheers, **waar slegs die hart kan oordeel** as My Gees Haarself hierdeur sou kon uiter.

**Ek kon dus self nie meer deur baie predikers tot die mense spreek nie**, want hulle kom eerder met leerstellings en toeligting wat vanuit hulself was en wat nie meer met die waarheid ooreengestem het nie.

En so word die betekenis van die evangelie wat Ek Self op die aarde geleer het met verloop van tyd steeds **meer en meer misvorm**. Maar weinig lees My Woord nog met 'n ontwaakte gees en haal ware nut daaruit vir hul siel.

Vir die ander egter bly My Woord egter sonder uitwerking van krag. Hulle hoor wel, maar omdat hulle dit nie korrek begryp nie, lewe hulle ook nie daarvolgens nie en kan **daarom ook nie tot 'n ontwaking van hul gees kom nie**. Te meer, omdat daar van die kant van die predikers nouliks melding gemaak word oor die "**werke van die Gees in die mens**", omdat hulle self geen begrip daarvan het nie, omdat hulle self nie weet, **dat dit 'n regstreekse gevolg is van 'n lewe in liefde nie**. Maar hulle sou hulself daarvan kon oortuig het as hulle verlig sou word, as hulle **self** in die liefde sou lewe.

Hulle lees in die Bybel weliswaar dikwels die stelling: "Die letter dood, maar eers die gees maak lewend", maar hulle weet nie wat daarmee bedoel word nie, - want hulle is nog nie geestelik ontwaak nie. En daarom kan byna nog maar net van 'n **dooie Christendom** gepraat word - en daarom beteken ook My Woord wat in die Boek der boeke staan vir die mense nie veel meer nie. Daarom het die geloof swak en kragteloos geword, **omdat die krag van die lewe daarin ontbreek**. Want die geloof kan eers lewend word deur die liefde, want slegs die liefde wek die gees op tot lewe.

En as daar maar 'n teer plantjie uit die warmte van die liefde uitspruit, dan sal dit ook spoedig sterk en kragtig word. En daar sal 'n lewende geloof daaruit voortkom wat alles tot lewe sal opwek wat tot nog toe dood was in die mens. Die siel sal haarself verhef en die geesvonk op haar laat inwerk. Sy sal tot lewe kom en die lewe ewig nie meer verloor nie.

**Dan egter sal die mens ook elke Woord wat in My sy oorsprong het, begryp**. Hy sal die dwaling van die waarheid kan onderskei en in geen geval meer in dwaling verval nie, want die gees onderrig hom nou. Leë letters beteken niks meer vir hom nie, want hy ken nou die geestelike betekenis van die Woord. En elke Woord wat eens van My uitgegaan het, skenk hom nou ook lewe en **bereik dan sy oor en sy hart**.

Dan is hy waarlik **geen dooie Christen meer nie** en sal dan ook vol lewe van My getuig. Hy sal homself nie net van die Woorde van die Skrif bedien nie, **maar ook die geestelike betekenis daarvan kan verklaar**. Hy sal in waarheid 'n leraar wees vir sy medemense, volgens My wil, want hy laat nou toe dat Ek Self in hom is en My kan uiter deur die Gees - wanneer hy sy mense onderrig.

En eers hulle is My ware dienare wat in My opdrag werksaam is. Want 'n vekondiger van My Woord wat slegs die letters ken, maar die geestelike betekenis daarvan nie verstaan nie, **noem Ek nie My dienaar nie**. Hy het homself aangestel, sonder dat hy eers sy benoeming deur My waardig gemaak het, wat 'n **voorvereiste** is **dat die gees van hom wat vir My werksaam wil wees, tot lewe gewek is**.

Maar sodra 'n "nog onontwaakte prediker" nie net die liefde aanleer wat die wese van My evangelie is nie, maar self ook moeite sal doen **om in liefde te lewe**, sal hy ook die gees in homself tot lewe wek. En dan sal hy ook 'n dienaar wees wat vir My welkom is en deur wie Ek dan ook kan werk, deur wie Ek Self dan die mense kan aanspreek, wie dan ook die krag van My Woord duidelik sal bemerk.

Daardeur sal ook weer ander tot lewe kom, wat hulle laat opwek, My met 'n ernstige wil sal soek en die krag van My Gees afsmeek. En My ware dienare herken julle altyd hieraan, **dat hulle hulleself beywer om volgens My Woord te lewe**, - hulle sal deur 'n lewe in liefde die gees in hulleself tot lewe wek, hulle sal geen dooie verkondigers van My Woord wees nie, - maar van My getuig vanuit die volheid van lewe. Amein.